**JANNIE GELDENHUYS: DIé WAT WEN. 'N GENERAAL SE STORIE UIT 'N ERA VAN OORLOG EN VREDE. J.L. VAN SCHAIK, PRETORIA, 1993. 261 bladsye. R79,99.**

Generaal Jannie Geldenhuys het in sy lang loopbaan as beroepsoldaat, en in besonder in die bevelsposte wat hy vanaf Mei 1976 tot sy uittrede as hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag op 31 Oktober 1990 beklee het, ten nouste saamgeleef met die veiligheidsituasie in Suider-Afrika. Hierdie boek is veral van buitengewone historiese belang omdat dit sy weergawe bied van wat in Angola gebeur het sedert 1977. Die beeld van die Angolese oorlog wat uit sy persoonlike ervaring te voorskyn tree, is soveel anders as die beeld wat dikwels in die, veral internasionale, media geskep is. Soos die titel aandui, stel genl. Geldenhuys onomwonde die standpunt dat die Suid-Afrikaanse Weermag dié oorlog gewen het. Dit was nooit die Weermag se doel om "Angola te verower" nie. Daarom het die Weermag nie Cuito Cuanavale probeer verower nie. Daarom het die Weermag teruggetrek toe hy sy doel bereik het om die gesamentlike FAPLA-Kubaanse-Russiese aanslag op Unita af te weer. Die pogings van PLAN om Suidwes binne te val en 'n SWAPO magsoorname moontlik te maak, is keer op keer gefnuik.

Maar Suid-Afrika het die politieke en propaganda-oorlog verloor omdat sy teenstanders, danksy 'n onobjektiewe internasionale simpatie, graag die MPLA, SWAPO, Kubaanse en Russiese propaganda geglo het. Solank apartheid in Suid-Afrika bestaan het, sou Suid-Afrika moes aanvaar dat die wêreld net nie in die waarheid aangaande Suid-Afrikaanse bedrywighede geïnteresseerd was nie.

Die kernvraag oor die verloop van Suid-Afrika se militêre betrokkenheid in Suidwes-Afrika en Angola is

die vraag of dit alles die moeite werd was. Wat het Suid-Afrika deur sy militêre optrede bereik? Sou dit nie veel beter gewees het om reg in die begin onafhanklikheid aan Namibië te verleen nie?

Generaal Geldenhuys gee hierop 'n onomwonde antwoord (bladsy 145 ev.). As dit nie vir Suid-Afrika se militêre betrokkenheid was nie, sou 'n Marxistiese regering soortgelyk aan dié in Mosambiek en Angola in die gebied totstand gekom het want dan sou SWAPO deur opstand en rewolusie aan bewind gekom het. Militêre optrede het die tyd en geleentheid geskep om tussen 1978 en 1990 'n demokratiese klimaat en kultuur in SWA te skep. Geldenhuys haal dr. Wim de Villiers aan om dié standpunt kernagtig te stel: "In 1975 het Suid-Afrika bykans alleen gestaan in 'n omgewing waar Marxisme en eenpartystate gevestig was. Maar ons het hierdie derde koloniale oorlog in Afrika gewen. Ons het tyd gewen vir die res van die kommunistiese stelsel om in duie te stort die wêreld oor".

Die besondere meriete van genl. Geldenhuys se werk is die eerlike feite-weergawe gemeng met filosofiese bepeinsinge en kritiese strategie-ontleding. Daarom stel hy dit onomwonde (bladsy 233) dat hierdie sy weergawe is en dat ander hulle eie weergawes gee. Sy weergawe word versterk deur aanhalings uit veral Fred Bridgland en Willem Steenkamp se werke. Hy verskil ook op 'n hele paar punte van Chester Crocker se ontleding en oordeel wat hierdie boek 'n belangrike korrektief maak op Crocker se *High Noon in Southern Africa: Making Peace in a Rough Neighbourhood*.

Genl. Geldenhuys se militêre loopbaan eindig met die uitbreek van vrede oral in die wêreld. Oorlog is 'n manier om botsende belange te besleg. Vrede is 'n manier om geskille deur onderhandeling op te los. Oorlog is duur. Wat is die prys van vrede?, vra hy. Hy wys dan daarop (bladsy 254) dat Suid-Afrika in die vredesproses tussen 1991 en 1993 drie keer soveel polisielewens verloor het as wat die veiligheidsmagte manskappe in Suidwes en Angola verloor het.

Saam met die boeke van Fred Bridgland, Willem Steenkamp, Chester Crocker, Sophia du Preez en Helmoed-Römer Heitman is hierdie werk 'n nuttige hulpmiddel vir die onderwyser wat leerlinge 'n insig in en begrip van die laaste twintig jaar se geskiedenis van Suider-Afrika wil laat bekom.

T.D.